# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (40/16)

(volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 21 Oktober 2016*




***"My parents didn't want to move to Florida, but they turned sixty and that's the law" Jerry Seinfeld***

## SITRUS SUMMIT – PRE-KONFERENSIE TOER

Die Sitrus Summit word in die vriendelike stad, Port Elizabeth, in Maart 2017 gehou. Ten einde te verseker dat diegene wat van ver reis iets van die Oos-Kaap se produksie-areas sien, gaan CRI help om 'n pre-konferensie toer te reël. Die produksie-area van die Sondagsrivier is net 'n uur weg - die toer sal na die XSIT steriele insekte-program in die gebied kyk, 'n pakhuis besoek wat vroeër die jaar geopen is, sommige van die boorde besoek (veral dié onder nette), en ander interessante toerisme-aantreklikhede. Afgevaardigdes sal op Maandagmiddag, 6 Maart, in PE bymekaar kom en na die Sondagsrivier vervoer word. Verblyf en etes sal op Maandagaand en Dinsdag voorsien word - voordat na PE vertrek word om betyds vir die Verwelkomings-aandete op Dinsdagaand, 7 Maart, te wees. Registreer asseblief vir die toer wanneer jy jou registrasie vir die Summit doen, besonderhede sal op die webtuiste beskikbaar wees. **Registreer vir die CGA Citrus Summit op www: cga.co.za. Alle belanghebbendes in die Suider-Afrika se sitrusbedryf word aangemoedig om dit by te woon.**

## FLORIDA SITRUS

Vroeër hierdie week het ek die voorreg gehad om die Florida sitrusbedryf te besoek. Hoewel dit 'n "whistle stop" besoek was, het dit 'n goeie oorsig van die bedryf gegee. Daar is geen twyfel dat die volle fokus van die bedryf op Asiatiese Vergroening (HLB) is, en vir 'n goeie rede - die siekte het 'n beduidende daling in Florida se sitrusproduksie veroorsaak - tot vlakke wat besig is om ekonomies uitdagend te word. As deel van die toer het ons drie Navorsings- en Opleidingsinstansies besoek - by Lake Alfred, Ommakalee en Fort Pierce. As 'n ekonoom was ek verstom oor die werk wat daar gedoen word. Enkele waarnemings:

- Daar is 'n multi-dissiplinêre benadering. Ons het gehoor van die werk wat deur genetici, plantetelers, entomoloë, patoloë, tuinboukundiges en selfs ekonome (en ander) gedoen word. Niks word geïgnoreer nie en elke moontlikheid word ondersoek.
- Die benadering is een van samewerking - hierdie wetenskaplikes in verskillende dissiplines werk nie in silo's nie - hulle weet almal wat die ander doen en so kan hul kruisbestuif met idees en benaderings.
- Daar is aansienlike fondse wat vir HLB in Florida beskikbaar is. Dit is beide Florida staatsgeld en USDA befondsing. Die bedryf kry op die hoogste vlak uitstekende ondersteuning van die Florida regering.
- Psilla beheer en / of uitwissing is tans nie die oplossing nie en daar is tans ook nie effektiewe opsies vir die beheer van die bakterieë nie.
- Waarskynlik die mees opwindende ontwikkeling is die werk in verskeie genetiese benaderings, en nie net genetiese modifisering nie.
- Baie werk is op voeding gedoen, maar dit het geblyk dat dit slegs korttermyn verligting van die impak van die siekte verskaf. Die effek van voeding word in die blare gesien, maar die bakterieë vernietig die wortelstelsel.
- Onderstamme en kultivars word bestudeer om te bepaal watter is immuun, bestand of verdraagsaam. Vier onderstamme van belang is uitgesonder as die gunsteling in die verband. Sekere kultivars vaar beter as ander - meer werk word gedoen om te leer waarom dit die geval is, wat weer help met ander werk.
- Sitrus produksiekostes in Florida het met 'n bykomende 75% toegeneem; dit is as gevolg van die gebruik van meer insekdoders, bakterisiedes, boomvervanging en verbouingspraktyke. Inkomste het verminder as gevolg van die daling in opbrengste – verdienstes is swak.
- Waar 'n boord in die verlede elke 40 jaar vervang kon word; sê produsente nou dat as hulle 20 jaar kan kry,hulle verlig is - baie vervang boorde na 15 jaar. Bykomend merk 'n mens op dat die meeste boorde 'n mengsel van groot en klein bome is; 'n aanduiding van boomvervanging wat tydens die boord se leeftyd plaasgevind het.
- Verwaarloosde boorde is 'n groot probleem. Indien 'n produsent in 'n gebied is waar daar 'n mengelmoes van verskillende eienaars is, en waar "slegte" bure die boorde verwaarloos het maar nie die bome verwyder het nie – word goeie werk in 'n poging om die probleem te beheer ongedaan gemaak deur herbesmetting vanaf die verwaarloosde boorde. Produsente wat hul boorde laat verwaarloos is nie gretig om die bome te verwyder nie weens belastingregulasies. Die regering kyk na veranderinge aan wetgewing om verwydering van bome aan te moedig.

Een ding is seker – van die slimste persone in die wêreld werk op Asiatiese Vergroening in die VSA; hul sal 'n oplossing vind. Die enigste bekommernis is dat tyd in terme van die produsent se vermoë om te oorleef, uitloop.

### GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 14/10/16 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | **2014** | **2015** | **2016** | **2015** | **2016** | **2016** | **2016** | **2015** |
| Pomelo's | 15.6 m | 16.1 m | 13.8 m | 14.7 m | 13.2 m | 12.4 m | 13.8 m | 16.1 m |
| Sagte Sitrus | 9.9 m | 10 m | 12.1 m | 9.2 m | 11.3 m | 11.2 m | 12.1 m | 10 m |
| Suurlemoene | 13.2 m | 14.9 m | 15 m | 14.5 m | 14.6 m | 16.1 m | 15.1 m | 15.1 m |
| Nawels | 26 m | 24.5 m | 26.2 m | 23.2 m | 25.5 m | 25.1 m | 26.2 m | 24.5 m |
| Valencias | 50.1 m | 52.2 m | 41.1 m | 45.2 m | 39.4 m | 46.4 m | 41.9 m | 52.7 m |
| Totaal | 115.5 m | 118.1 m | 108.7 m | 108 m | 104.6 m | 111.2 m | 109.1 m | 118.4 m |

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGACC, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY AND CITRUS ACADEMY)**